

# DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 15e Uitgawe 17 Mei 2013  
saam met Koersvas 15

## Geloofwaardige getuies

Die vorige Skietlood het een en ander vermeld rakende die ekumene en inter-godsdiens dialoog. Een argument wat sterk na vore kom in die retoriek ten gunste van die ekumeniese skakeling is die pleidooi dat die kerk geloofwaardig moet wees.

Die argument is naamlik dat die kerk se getuienis net geloofwaardig sal wees indien dit uit een organisatories verenigde organisasie kom. Die samelewing is kwansuis nou een en daar is eenheid in al die verskillende gemeenskappe. Daar is skynbaar ook al goed gevorder op die pad van integrasie. Die kerk kan net die boodskap van liefde en omgee uitdra, wanneer die kerk een is. Hierdie argumente ten gunste van een organisasie moet van nader beskou word. Die eerste wat opval is dat hierdie argument tans gefokus is op die NG kerkfamilie. Daar word minagtend verwys na dwarstrekke en onwilliges. Intussen word die hardkoppigheid van aandrang op die aanvaarding van die Belhar belydenis gerieflik geïgnoreer. Ons kan aanvaar dat die NG kerk skipbreuk gaan lei op die rots van Belhar. Al die drenkelinge sal dan in een groot skip die volgende groep anderstemmiges dryf na dieselfde eenwording. Die argument is gewoon dat die eenheid van die NG kerk nog nie eenheid in Reformatoriese denke verteenwoordig nie. Die druk sal al hoe meer op kerke soos die NHKA, die Gereformeerdes en die APK geplaas word om deel te word van hierdie groot

eenwording. Dit is opvallend dat hierdie druk en argumente nie nou op die Charismatiese groepe toegepas word nie. Daar is net so 'n versplintering sigbaar in die Charismatiese dampkring. Gaan die "geloofwaardigheid argument" later daar ook toegepas word? Wat van die Roomse kerk? Gaan die kerk eers kan geloofwaardig getuig indien alle Christelike kerke onder een sambreel versamel is? In hierdie samelewing waar gelowe verstaan word as paadjies teen dieselfde berg op, is dit nie vergesog om te verwag dat die eis eendag kan wees dat alle gelowe uit een mond moet praat om "geloofwaardig" te kan wees. Is eenheid, en in besonder eenheid in struktuur, voorwaarde tot geloofwaardige getuienis? Die geloofwaardigheid van die Evangelie lê by God en die boodskap van genade vir sondears. Liefde en vrede is byprodukte, nie voorwaardes of ideale nie.

Die Skietlood wil ook die kollig vir 'n oomblik laat skyn in 'n donker moontlik-motief vir hierdie drang na eenheid sodat die getuienis "geloofwaardig" kan wees. Dit is ongelukkig 'n politieke angel. In daardie hoek is die gedagte dat alle Afrikaner strukture en organisasies afgebreek moet word. Integrasie is in hierdie droom die instrument en ideaal. Die aandrang op die aanvaarding van die Belhar belydenis kry hier meer betekenis. Belhar is die belydenis wat die afsonderlikheid van die verlede tot apartheid en sonde verklaar. Is die gedagte dalk om



die Afrikane met 'n skuldgevoel te onderdruk en kneg van die ideaal van integrasie te maak? Kan dit wees dat net die stem wat nie "lily-white" is nie, geloofwaardig gehoor sal word? Die Evangelie ken geen kleur of ras nie, geen onderskeid in terme van geslag of gestremdheid nie. Jesus het vir almal gesterf en vir almal opgestaan. Hy maak vir almal die ewige lewe toeganklik.

Dit is 'n geloofwaardige boodskap, maak nie saak wie dit verkondig nie.

Die argument ten gunste van eenheid om geloofwaardig te kan wees, verskuif die fokus na menslike prestasie en versaak die kern van die Goeie Boodskap. Geloofwaardigheid in menslike prestasies is tydgebonde. Die Skietlood bevind die argument ongelooftwaardig.